Ges. 46:1, 2, 7. ~~Hulde~~ Kershulde. P. Afskeid Skakie
9.12.56.
" 107: 4, 5. Matt. 2:1-12
" 62: 6.

Matt. 2: 11 - En hulle het neergeval en Hom hulde bewys. Daarop maak hulle hul skatte oop en bring vir Hom geskenke: goud en wierook en mirre.

Die einde van 'n skooljaar bring by elke leerling gewoonlik twee oorheersende gedagtes na vore: Vakansie - en feestyd! Veral d. gedagte dat ons iets besonders gaan kry van vader en moeder. Hou ons besig - baie besig - soms ~~te~~ so besig dat ons nie genoeg dink aan die eintlike rede waarom ons feesvier: omdat dit Iemand anders se geboortedag is, Iemand aan wie ook eenmaal hulde bewys is, geskenke gebring ~~is~~.

Dan wil ons vandag in ons gedagtes en verbeelding ons self terugplaas na dd. heel eerste nag toe al die wondergebeure van 'n nuwe tyd hulle afgespeel het om die krip in die stal v Bethlehem en wil ons veral let op die Kershulde wat d. wêreld aan Jesus by sy geboorte gebring het - & dit te sien i.v.m. dit lig v.d. Skr: Ons sien dan: wat bring ons aan Hom?

I. Die Wêreld Bring Hulde: Die wyse manne uit d. Ooste is vir ons simbole v.d. hoogste kennis en wetenskap v.d. wêreld v.d. O. Die feit dat hulle i.v.m. sterre v.d. koms van d. Koning v.d. Jode hou voorspel en lees, is vir ons 'n besondere bewys v hoe God selfs d. heidense wetenskap en sterrekundige beskouinge kon gebruik.

Uit d. gang en patroon v.d. sterre het hulle hulle afleidinge gemaak. Hoeveel hulle wyses geweet het van d. voorspellinge v. Kt. se koms as d. Messias, d. Verlosser v.d. Jode, weet ons nie.

Waar by al d. omliggende volkere dit egter bekend was dat d. Jode reeds vir honderde jare op d. koms v. d. Messias gewag het, is dit heel- geregverdig om te dink dat hulle die dinge met mekaar verbind het. Vir hulle egter was Xtus 'n aardse Koning – 'n Koning van 'n volk aan wie daar hulde bewys moes word. Dat Hy 'n besondere Koning in hulle oog sou word, word bewys deur d. besondere opofferinge wat hulle doen om Hom d. hulde te bring. Nogtans bly dit by: hulde. Meer as dit kon hulle nie skenk nie – hulle harte het nie plek kon gee vir meer as hd. mensl. hulde – gebring aan 'n aardse Koning! Nie v. beter geweet!

→ Maar ons weet van beter – van ons wat Xtus se Naam bely, ons wat sy geskiedenis en sy herkoms ken – van ons verwag Hy meer as hulde: By ons moet hulde plek maak vir aanbidding, ware, diepe, innige, opregte aanbidding. Want vir ons is Hy nie net d. Koning v.d. Jode nie, nie net d. Koning v.d. wêreld nie – vir ons is Hy d. Koning v. ons hart en ons lewe! Daarom aanbid ons Hom, as d. Verlosser v.d. wêreld, d. Heiland, en noem ons Hom Immanuel: God met ons!

→ Is dit soos u jong hart voel teenoor Jesus dat u Hom nie net d. formele hulde bring wat d. wêreld ook kan bied, maar dat u iets wil bring wat baie dieper ingryp en baie verder strek: aanbidding!

II Die Wêreld Bring Geskenke:

Dadelik tref ons hier 'n paar dinge:

(1) Wyse manne uit d. Ooste het 'n baie sterk geloof gehad – dat hulle d. Xt. kind sou vind – daarom hul geskenke saamgebring van ver!

(2) Die ~~geskenke~~ hulde wat hulle bring is nie net 'n woordelose – maar 'n daad: geskenke! Tasbare hulde!

(3) Die geskenke wat hulle bring is uit d. keur v. hulle rykdom!

(4) Die geskenke is simbolies van Xt. se persoon en werk op aarde:

Goud – Sy Koningskap
Wierook – Sy Profeetskap (Aangename woord)
Mirre " Priesterskap

→ Wonderlik! En tog nie genoeg. Hulle kon nog nie verstaan – maar ons kan – dat wat Xt. soek is nie eerstens d. gawes nie, maar d. gewer!

→ Wat skenk u aan Jesus? Wat het u aan Hom geskenk vandat u op skool gekom het?

## III Die Wêreld Bring 'n Tyding: